Nog Een Keer

Dankie, baie. Laat ons bid.

Hemelse Vader, ons het weer saamgekom in die Naam van U geliefde Kind, die Here Jesus, om weer ons liefde te betuig in aanbidding aan Hom. Ons bid dat Sy Gees met ons sal ontmoet, en dat Hy ons elkeen 'n deel van daardie Gees sal gee, wat ons volgehoue genade kan gee om die reis en die stryd te voltooi, die stryd wat voor ons gestel is, die stryd van die Geloof. Skenk dit, Vader. En breek vir ons, vanmiddag, die Brood van die Lewe, om ons te versterk, want daar staan geskrywe: "Die mens sal nie van Brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan." Mag ons dit hoor, vanmiddag, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

2 Sit maar. Waardering vir Broer Carlson, hy het my maar net so tien minute laat laat begin. Hy raak beter. Nog 'n week se dienste, sal ons net . . . sal ek waarskynlik betyds hier wees . . . ? . . . Ons is bly oor die voorreg.

3 Nou vanaand is ons afsluitingsaand van hierdie sekere diens, en ek wil julle betyds laat uitkom sodat julle julle—julle aandete kan hê. Ek weet 'n klomp van julle noem dit julle "dinner." Maar as ek "dinner" het, waar kom my "supper" in?

4 Nou, ek het met 'n kêrel gepraat, hy het gesê: "O, Broer Branham, dis—dis 'dinner'."

5 "O, is dit?" Ek het gesê: "Ek wil vir jou bewys jy's verkeerd." Ek het gesê: "Ons neem nie die Here se "dinner" nie; ons neem Sy "supper." [Afr. "nagmaal."—Vert.]

6 So ons—ons dink graag daaraan as die Here, as ons aandete, die Here se nagmaal daardie aand, nie oggend of namiddag nie. Hy, Hy het dit in die aand geneem, dit was Sy "supper." [Afr. "nagmaal."—Vert.]

7 Nou, so ons wil vroeg terugkom. En so sal ons nie vanaand laat wees nie, Broer Carlson gaan my presies op tyd laat begin vanaand. "Geloof is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word." En ek weet nie, as die Here wil, kan ek vanaand probeer praat, as ek 'n bietjie, genoeg tyd kan kry, oor, *Die Aftelling*. Die, want dis 'n wetenskaplike Boodskappie wat die Here my gegee het vir die laaste dae. En miskien, as die Here wil, kan ek in staat wees om vanaand daaroor te praat.

8 Nou, ons het 'n grootse tyd beleef gisteraand. Ek het daarheen gegaan, gesê: "Ons gaan nie vir di siekes bid nie," en die Here het die siekes nogtans genees, julle sien. Amen. Soms kan ons iets sê, maar die Here kan dit sommer omvergooi enige tyd wat Hy wil. Julle sien, Hy—Hy is God.

9 Nou wil ek gou lees uit die Skrifte, vir 'n teksie wat ek—ek gedink het wat van hulp kan wees vir ons vanmiddag.

10 Nou, as hy my op tyd laat begin het, wil ek probeer om op tyd uit te kom, en dit sal omtrent vier-dertig wees, wat omtrent vyftig minute van nou af sal wees.

11 Laat ons nou blaai daar na die Boek van Rigters, die 16de hoofstuk, en laat ons die—die 27ste en 28ste verse lees, waar ons na die Woord kyk.

> *En die huis was vol manne en vroue, en al die vorste van die Filistyne was daar, en op die dak omtrent drieduisend manne en vroue . . . kyk hoe Simson speel.*
>
> *Toe roep Simson die* HERE *aan en sê: Here,* HERE *. . . dink tog aan my, en versterk my tog net hierdie keer, o* HERE*, dat ek my oor een van my twee oë op die Filistyne kan wreek!*

12 Laat ons weer bid. Here Jesus, neem hierdie teksie en besproei die Kerk daarmee, Here. Ons bid en dra dit aan U op, in Jesus se Naam. Amen.

13 Daar moes omtrent drieduisend Filistyne gewees het wat afkyk van die top van die galery van hierdie groot arena, toe die paar daardie namiddag die arena binnegegaan het. Moes 'n warm dag gewees het. Heeldag lank was hulle daarbuite. En in hierdie groot geselskap, bo-op hierdie groot arena wat gebou was ietwat na die orde van 'n onderstebo paddastoel; en die stutpaal in die middel wat omtrent *so* uitgegaan het, en die twee pilare gehou het wat al die toeskouers omheen gehou het; hooggepoleerde krygshere en hulle vroue vol mooi juwele. Almal het vooroor geleun na hierdie sekere gebeure, want hulle wou goed sien, dit wat plaasgevind het.

14 Daar was die voorafgaande gewees, al die vermaaklikheid. Hulle het waarskynlik apies gehad wat—wat toertjies doen. En hulle het verskillende dinge gehad waarmee hulle hulle vermaak het, gevegte, stoeiery, en—en—en dalk tweegevegte tot die dood, en baie ander dinge wat—waarmee hulle heeldag vermaak was, want dit was 'n groot dag, maar nou kom die hoofitem.

15 Julle weet hoe ons almal geduldig wag terwyl die voorafgaande aan die gang is. En hulle wag vir die—die hoofitem, en dis wanneer almal regop sit en oplet. Ons aanskou dit in ons godsdienste, soos wanneer ons—ons sang het, en ons getuienisse, en die prediking, ensovoorts; maar die hoofitem is sien wat die Here gaan doen, sien waarvoor Hy ons laat bymekaar kom het. Ons is almal vol verwagting om te sien net wat die einde gaan wees, die hoofitem. Dis so met alles. Ons is altyd op die uitkyk vir die hoofitem.

16 En hulle het almal opgestaan om vorentoe te kyk, om te sien wat gaan plaasvind, omdat die hoofitem vir hulle aangebring is,

en wat het hulle gesien behalwe net ’n blinde man wat deur ’n seuntjie gelei word.

17 Die sale het heelmiddag weergalm, met dronk jolyt, hoedat hulle die wiskey en hulle hoë drankies aangegee het; en hulle mooi, gegrimeerde en juweel-behangde vroue, en groot waardige krygshere en alles. Dit was ’n groot viering. Hulle het die oorwinning gevier. O, hoe haat ek nie om dit te sê nie! Die oorwinning wat die vis-god Dagon behaal het, oor die dienskneg van God. Dit gaan sommer reg af tot die bodem van my, om dit te moet sê, maar dis waarheid. Vier op so ’n manier, ’n oorwinning oor Jehova se dienskneg. Watter skandelike ding! Drinkery, jolyt, en gegrimeerde vroue, en vol juwele, en groot hoogwaardiges, die vure het gebrand onder die vis-god, en watter feesviering moes dit nie gewees het nie.

18 Maar die hartverskeurende deel, waar duisende jare later dat ons moet nadink oor so ’n gebeurtenis soos daardie, en wanneer die groot God van die Hemel, Wat in Sy hart bedoel het om daardie nasie te vernietig omdat hulle heidene was, en ’n man gestuur het om die taak te verrig, en hier het die vis-god afgod ’n oorwinning gevier oor Jehova se dienskneg. Jehova het nooit verloor nie; die dienskneg wat Hy gestuur het, om dit te doen, het die oorwinning verloor.

19 Watter gesig, watter skandelike ding was dit nie! Die seun het die struikelende, blinde man deur die—die saal gelei, na hierdie groot stutpilare, waarop die hele groot onderstebo paddastoel of sambreelagtige gerus het, waar die mense *so* afgekyk het; van die groot pilaaragtiges wat opgeloop en die ding in orde gehou het, gelê deur klipstene wat nie vandag weer gereproduseer kan word nie. Niemand sou dit so kon bou nie. Maar watter groot ding was dit nie! En duisende van die hoogwaardige priesters wat ’n afgod gedien het, met hulle bors so uitgestoot, en al hulle seremonies en rituele oor hulle afgod, dat hy Jehova oorwin het. Watter groot dag was dit nie, drinkery, jolyt en tekere ganery!

20 En hier kom Jehova se dienskneg, blind, struikelend, gelei deur ’n seuntjie, daar na hierdie groot pilaar, om bespot te word. Die hoofitem van vermaak was om te spot met Jehova se voorbestemde doel om die nasie te vernietig. En, tog, het die nasie die ding geneem wat God geplaas het om hulle te vernietig, en nou het hulle hom oorwin en hom bespot, hulle hoofitem by hulle feesviering.

21 Maak dit julle nie net byna dood, om daarna te moet kyk nie? Om te dink wat kon, dit behoort regtig nooit nodig te gewees het om hierdie verhaal te vertel het nie. Maar dit is waarskynlik vertel as—as ons aanmaning, is so geskryf. Vernederd, gebroke, staan nou oorwonne, reg tussen twee pilare wat die gebou opgehou het.

22 Watter simbool is dit nie van die kerk van hierdie dag nie! Watter simbool is dit nie van 'n gevalle ras mense, wat uitverkoop het aan die wêreld en die einste ding wat ons hier is om te oorwin nie. Die kerk wat sy—sy moraliteit verkoop het, die Bybel verkoop het, sy krag verkoop het, so sy swaard oorgegee het, en vernederd staan in die uur wanneer die naderende tekens van die Koms van Jesus Christus voorhande is; wanneer sy gewas behoort te wees, nie 'n smet of 'n rimpel nie, te staan om haar Bruidegom te ontvang.

23 Watter prentjie sien ons nie hier nie, 'n simbool van morele verval wat op die nasie rus, hierdie nasie. En ek gaan nie probeer om te lank by my Skrifte te bly nie, sodat ek gou kan klaarmaak. Maar ek sou dit kon simboliseer met die kerk, met die nasie, met politiek, en met alles waarop jy jou hande sou kon plaas vandag, behalwe God se Bybel. Moreel vervalle, die menseras self, net in 'n vreeslike toestand.

24 En daar onder ateïste en ongelowiges wat hulle vinger in die gesig van die kerk sou kon wys, wat die Boodskap vir vandag behoort te hê, en hulle vra: "Wat beteken dit alles?" En hulle het nie die antwoord nie. Hulle het nie die antwoord nie. Waarom? Hulle het gemaak soos Simson gemaak het. Hulle het oorgegee.

25 So sien hom daar staan, en ons sou kon sê: "So dit is Simson?" Laat ons 'n beeld daarvan kry, hierdie groot, magtige vegter. Laat ons hom afbeeld, vanmiddag, dat hy breë skouers gehad het, groot raamwerk. En hier staan daardie groot gestalte van 'n man daar, verblind, gebind met toutjies, en gelei na die middel van die vloer, verneder, gebroke, verslaan, met die groot God van die Hemel wat neerkyk daarop. Hieronder, sy kritici, dronk soldate wat toekyk.

26 Ek sou my voorstel, soos hulle daar gestaan het, baie Filistyne het selfs gebewe in hulle skoene, om sy naam te hoor. Simson was 'n magtige naam, eens; so was Christendom, was die kerk. En ek gaan daarmee 'n parallel trek, met die kerk, hierdie toneel. Simson naam, mense het sommer flou geval, want hy was 'n soort van 'n man dat hulle nog nooit 'n man soos hy gesien het nie. Sy krag was bo enigiets wat die wêreld ooit gehad het. Daar's niks wat hulle gehad het wat daarmee kon vergelyk nie. Baie het hom onthou soos hulle na hom gekyk het, wat daar in daardie toestand gestaan het.

27 Baie het na hom gekyk van die galerye af en onthou hulle sien hom staan in 'n ander posisie. Eendag, gestaan met 'n eselskakebeen, in sy hand, met 'n duisend Filistyne wat rondom hom lê, toe hulle gevlug het na die rotse vir veiligheid; gestaan, gewink met sy vingers: "Kom aan, as julle daarvan wil hê!" Maar kyk nou na hom.

28 Baie Filistyne, daardie een nag is hy ingelok deur 'n hoer en in die—die Stad Gasa, het hulle die yslike groot poorte, wat tonne

sou geweeg het, gevat en hom ingeperk en hom gevang, en die soldate uitgestuur en gesê: "Nou het ons hom gevang. Ons het hom vasgekeer." Soos die duiwel altyd probeer maak, jou vaskeer met iets.

29 Maar onthou toe Simson wakker word die volgende oggend, of daardie nag, liewer, gesien hy is vasgekeer. Hy kon voel aan die agterkant van sy kop en steeds weet hy was 'n verbondseun van God, en daar was niks wat hom kon vaskeer nie. Die kerk het eens ook so gestaan. Wat het hy gedoen? Hy het opgestaan, straat-af geloop, die poorte uit hulle skarniere geruk, en dit op sy skouers gesit en geloop na die top van die heuwel en neergesit.

30 Baie wat daardie middag daar gestaan het, het daardie gebeurtenis onthou. Maar kyk nou na hom, verblind, bespot, net 'n spel vir die vyand. Al sy kragte wat hy eens gehad het vir sy beskerming, vir God se prestasie, waarvoor hy in die wêreld gebore was om te doen, is van hom gestroop deur 'n vrou.

31 Ek dink dieselfde ding kan vandag toegepas word, dat 'n vrou wat voorgee om die Bruid van Christus te wees, en haar lering baseer met "'n beker van die smerigheid van haar gruwels, van haar hoerery." Sy het die beker van haar hoerery laat oorloop in die monde van God se kerk wat tot stand gekom het om Sy tekens en wonders te vertoon, soos Jesus se laaste opdrag was om te doen, in Markus 16. En nou vind ons dat sy God se klein, getroue groepie geneem het en hulle saam georganiseer het, presies net soos sy met haarself gemaak het, en het hulle gestroop laat staan, ontken die Krag daarvan, ontken die Heilige Gees, ontken die krag om in tale te praat, ontken die Krag van—van die Heilige Gees om dooies op te wek, en die siekes te genees en duiwels uit te dryf. En nou is die Filistyne op jou, en wat gaan jy nou doen, gestroop?

O, wat moes nie deur daardie man se gedagtes gegaan het nie!

32 Ons het gesien wat deur die Filistyne se gedagtes moes gegaan het. Hulle het hom geken. Wanneer, ek het een hoor uitreik na 'n ander, miskien, en sê: "Ek onthou die tyd wanneer jy 'Simson' sê, elke Filistyn soos rotte na 'n gat gaan. Ek het die tyd gehoor, sou jy sê 'n duisend man sou oor die woestyn marsjeer, hulle sê: 'Simson kom,' sou hulle hulle wapens laat val en hardloop na veiligheid so hard as hulle kon."

33 Maar kyk nou na hom. Hy is in 'n vreeslike toestand, gebonde, alles omdat hy toegegee het met 'n vrou. Dit wat dit gedoen het. Sy het hom van sy krag gestroop. Sy het aanhou probeer uitvind waar sy krag gelê het. Sy het geweet hy was 'n groot man, maar hulle het ook groot manne gehad. Maar hierdie Delila, sy was 'n—'n regte Isébel. Sy het geweet hoe om hom te bewerk, om hom na haar oor te haal en sê dat (hy) sy hom

liefgehad het. Maar, al die tyd het sy probeer uitvis, waar sy krag gelê het.

34 En dis dieselfde ding wat die Isébel aan die kerke gedoen het, dit het bly vis, totdat dit uitgevind het waar die krag gelê het. En die krag is in die Woord. "Die Woord is God." En uiteindelik het sy gevind waar daardie krag gelê het, en sy het hom daar na Nicaea geneem, Rome, en het sy lokke afgesny. En nou het hulle wat oorgebly het, daar uitgevat en hulle teruggeneem na die Wêreldraad van Kerke, en het hulle lokke weer geskeer gekry. Dis 'n volgehoue skeerdery, haal *Dit* uit, en "*Dit* beteken nie *dat* nie. Die dae van wonderwerke is verby. Daar is nie so-iets soos *dit*, *dat*, die *ander* nie." Hulle, hulle het gevind waar die krag gelê het, dope en handskudde en al hierdie ander dinge verruil, vir die ware onvervalste Woord van God.

35 Hierdie Woord is God, wat aan Sy Kerk gegee is om die wêreld en die duiwels te verslaan, en die siekte, en om duiwels uit te dryf, en geen denominasie is aan die Kerk gegee nie. Die Woord is aan die kerk gegee; Dis haar krag. Maar hulle het *Dit* weggesny, hulle het *Dat* weggesny, en hulle het *Hierdie* lok afgeskeer, en *Daardie* lok afgeskeer, totdat sy vandag geskeer staan, soos 'n Katolieke suster, afgeskeer, totdat sy 'n klomp mensgemaakte geloofsbelydenisse as haar leer aanvaar het, presies net wat die profeet gesê het sy sou doen. En hier staan sy vandag, vernederd. Wanneer die God van die Hemel die onkundige vissermanne gekies het, ensovoorts, en daarin afgekom het en Dit bewys het, dat Hy steeds God bly, en hulle kan nie vir hulle gemeente 'n antwoord Daarvoor gee nie, want dis nie gekoppel aan enige denominasie nie. En sy staan vernederd, wanneer sy in haar krag behoort te gestaan het.

36 As die kerk vandag gestaan het soos dit op die Pinksterdag gestaan het, as die kerk vandag gestaan het soos dit het in die dae van Irénaeus, en in die dae van Sint Martin, of in die dae van Policarpus, waar die Kerk tot reg in die dood sou marsjeer voor dit enige Woord van God sou verloën! Irénaeus, Martin, al daardie manne het vasgehou aan daardie waterdoop in die Naam van Jesus Christus. Elkeen van hulle het vasgehou aan daardie doop van die Heilige Gees, die profete, tekens en wonders.

37 En hulle het vandag weggedwaal daarvan af. Wat het gebeur? Delila het geweet waar die krag gelê het. En sy kon steeds daardie kweekskole van die Woord af wegkry, na een of ander mensgemaakte teologie, het sy dit gehad, toe was dit maklik om hulle te bind en te lei in die Wêreldraad van Kerke in, hierdie ekumeniese raad.

Julle sê: "Jy't nie die reg nie."

38 Ek's steeds Amerikaanse burger. Ek het 'n reg tot vryheid van spraak. Dis reg. Is beslis. Let op, dis presies die Waarheid.

39 O, hoe moes hy nie gevoel het nie, wat het nie deur daardie man se gedagtes gegaan, waar hy daar gestaan het, blind nie!

40 Nou, Isébel het geweet, of nie Isébel nie, maar Delila het geweet, as sy ooit sy oë kon uitsteek, was dit dit.

41 En dis presies wat Delila van hierdie laaste dag aan die kerk gedoen het, steek sy oë uit, vir God se belofte, en het julle verkoop aan een of ander yslike groot intellektuele denominasie. Almal wil graag koop . . . sê: "Ek behoort aan die Eerste kerk. Ek behoort *hieraan*. Ek . . ." Sien, solank as die duiwel jou oë kan uitdoof, vir die Woord van God en die belofte van God! Maak nie saak hoe dwaas dit klink nie, dis God se belofte.

42 Nou, ek onderskryf nie sektes nie, glad nie, maar daardie sektes word aan hulle werke geken. So word God se Kerk aan Sy werke geken. Maar ek probeer sê wat Delila aan Simson gedoen het.

43 Nou laat ons Simson se kant vat, wat moes deur die man se gedagtes gegaan het waar hy daar gestaan het. Al die groot oorwinnings wat hy eens gehad het, moes deur sy gedagtes gegaan het. Die item is nou aan die gang, die vermaak vir die namiddag maak klaar om te begin. Diegene wat vermaak moet word, dink aan wat hy was, en hier staan hy hier en dink aan wat hy was. Maar omdat 'n vrou hom verlei het, het die prentjie verander van wat dit moes wees. God het Simson opgerig om daardie nasie te vernietig, dit was die einste doel met die voortbring van hom.

44 As God maar een man kan vind, dis al wat Hy nodig het, een man wat ten volle aan Hom kan oorgee. Hy vat nie 'n leërmag nie; Hy het dit nooit gebruik nie. Hy gebruik net 'n man.

45 Nou, Simson het vir God Sy krag gegee om te gebruik, maar hy het sy hart nie vir God gegee nie. Hy het sy hart vir Delila gegee, en het sy krag vir God gegee.

46 Maar jy moet siel, liggaam, gees, krag, alles wat jy is, oorgee aan die wil van God, 'n gevangene word van Hom. Jy gaan iemand se gevangene wees. Jy behoort nie aan jouself nie. Jy is iemand se gevangene. Jy's óf die duiwel se gevangene, wat hierdie Waarheid ken en nie daaraan wil oorgee nie, óf 'n gevangene van—van die wêreld, óf gee oor aan God, en een of die ander. Jy's óf die duiwel se gevangene, vir sonde, óf jy's God se gevangene, vir geregtigheid. Jy's die een of die ander.

47 En nou dink Simson aan die groot oorwinnings wat hy behaal het. Sonder twyfel kom dit by hom op van hoe, dat toe hy 'n seuntjie was, dat God hom bevestig het, vir sy moeder gesê het hoe sy moet maak; nie sterk drank drink nie, of—of haar dieet dophou, dat sy 'n Nasiriër gaan voortbring. Hoe sy sy hare gekam het, en vir hom gesê het: "Seun, deur hierdie lokke, dis 'n verbond met God, dat jou krag daarin sal lê. Moenie, gee dit nooit weg nie.

Moenie, gee nooit jou geheim weg nie. Moet nooit oorgee nie. Wat jy ook al doen, bly daarby."

48 Jesus Christus het vir die kerk gesê, dat: "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie. En wie ook al een Woord Daaruit sal wegneem, of een woord Daaraan sal toevoeg, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe." Die kerk behoort daaraan te dink, soos ons nou in hierdie chaos staan, in hierdie uur net tevore. . . voor die Koms van die Here Jesus, te eniger tyd, vir 'n Wegraping.

49 Die groot oorwinnings waarna ons kan terugverwys, in die vergange dae, in die reformasie, destyds in die dae van Irénaeus en Sint Martin, Patrick, en hulle wat protesteer het teen daardie organisasies.

50 En toe Luther uitgekom het en teen daardie eerste organisasie, Katolieke kerk, geprotesteer het, en die groep wat hom gevolg het, kom reguit terug en het na hom georganiseer.

51 Toe John Wesley wat uit Anglikanisme uitgekom het, en sodra Wesley weg was, het hulle reg agter hom georganiseer.

52 En die eerste Pinskterbeweging het uit die denominasies uitgekom. Dit was 'n vervloekte woord vir julle. Maar: "Soos 'n hond na sy braaksel gaan, en 'n sog na hulle rolplek," het julle reguit teruggegaan in die ding in, wat julle gebore was om te verslaan. Halleluja! Dit maak my hart ook seer, selfs meer as om te dink aan die oorwinning destyds, wat Dagon gehad het oor Simson. Ek sien wat Isébel oor die kerk gekry het. En dis waarom, met elke krag en elke vesel in my wese, ek probeer protesteer teen daardie ding, en daardie kerk terugroep na haar plek van bekering. Julle moeders, julle vaders is uit daardie organisasies uitgeskop. Hulle het daar uitgekom en daarteen geprotesteer, en hier het hulle kinders reguit omgedraai en teruggegaan in die ding in waaruit hulle gekom het. As dit nie 'n prentjie van Simson is, wat Delila gedoen het nie!

53 Hoe behoort ons nie ons gedagtes deur ons gemoed te laat gaan, oor die groot oorwinnings nie. Ek het nie tyd om daarby te kom, en my woord aan julle hou nie.

54 En van God af, het hom vir hierdie doel opgerig, en hier staan hy tussen daardie twee pilare, verblind, verslaan, verneder. Hy was steeds dieselfde groot gestalte wat hy ooit was, maar sy krag was weg.

55 Die kerk is enigiets, dis sterker in lidmaatskap as wat dit ooit was. Maar waar is die Woord, die krag, wat gemanifesteer word? Dis afgesny van julle af, deur julle kragstropende organisasies.

56 Hy het God gefaal. Nie alleen het hy God gefaal nie, maar hy het sy eie mense gefaal. Hy was 'n totale mislukking. Nou was hy 'n gevangene van die einste nasie wat God hom opgerig het om te vernietig.

57 En hier staan die laaste organisasie van die kerk, Pinkster, vanmiddag, net so verslane as wat Simson was. Julle glo dit dalk nie. Maar as julle net julle gemoed sal oopmaak vir die Woord, sal julle sien dis die Waarheid.

Het hom toertjies laat doen, vir vermaak.

58 Soos ek eenkeer gesê het, nie lank gelede nie. Hierdie Volle Evangelie Sakemanne, so lief as wat ek vir hulle is, en in hulle tydskrif, skrywe oor: "Heilige Eerwaarde Vader *So-en-so*." Julle arme, misleide, blinde Pinksters! Wat makeer julle? Weet julle nie ons Verlosser het gesê: "Moet geen mens op aarde 'Vader' noem nie"? Besef julle nie die duiwel neem maar net iemand wat uitgeskop is uit een van dié daar, hier, en maak julle net belaglik nie? Hulle gaan nie inkom nie. Moenie dat iemand julle vertel hulle gaan nie.

59 Wat is die probleem met hierdie misleide kerk? Die wêreld het sy oë stukkend gesteek. Weet julle nie Jesus het gesê dat dit sou gebeur nie? En toe die slapende maagd inkom om olie te koop, het sy dit nooit gekry nie. Daar is die slapende maagd, Lutheraan, Metodis, Presbiteriaan. Hulle gaan dit nie kry nie. Hulle mag in tale praat en spring, maar dit beteken niks. Ek het heidene dieselfde ding sien doen, en duiwelaanbidders, praat in tale en spring, en sing en skree; drink bloed uit 'n menslike kopbeen, en roep die duiwel aan en praat in tale. Moenie op sensasies staat maak nie. Dis die Woord van God wat nie verbygaan nie.

60 Daar is sy, verslane, net soos Simson verslane was, haal nou toertjies uit. Hoe staan Satan nie op en lag vir hulle nie, het gesê: "Kyk, hulle gee voor hulle glo die Bybel. Kyk!" Sê vir al die Engele van die Hemel: "Kyk, kyk, hulle—hulle—hulle—hulle, ja, hulle is Bybelgelowiges, elkeen van hulle, kyk hoe kom hulle almal bymekaar. Ek gaan hulle, elkeen, net presies omvergooi." Gaan hulle reg inlei, presies net wat die Skrif gesê het. Hulle moet dit doen. Daar is hulle, verslane. Delila; oë stukkend gesteek sodat hulle nie die Waarheid kan sien nie.

61 Jesus het vir die Fariseërs gesê: "Julle het oë, en julle kan nie sien nie. Julle het ore, en julle kan nie hoor nie." Waarom? Het gesê: "Want Jesaja het so gesê." Hy het terugverwys na die Woord, die profeet. Die God Self, Jesus Christus, het terugverwys na die Woord van Sy profeet.

62 En, vandag, bring die Heilige Gees julle geheue terug. "Verhewe, hoogmoedig, liefhebbers van genot, meer as liefhebbers van God," vroue, geverfde gesigte, dra kortbroek, tree op soos die wêreld, knip hulle hare kort, en doen so voort, "het 'n vorm van godsaligheid, maar ontken die Krag daarvan." Wel, julle eie werke wys dat julle nie glo nie. Die Heilige Gees, in die Woord, wys weer reg terug na die Woord.

63 "O," sê julle, "ek het Dit." Wanneer jy medisyne neem vir 'n siekte, as dit nie aankom nie, verander jy liewer jou medisyne, jy sal in jou sondes sterf.

64 Die nasie, die eintlike doel, die einste ding wat hulle opgerig was om te vernietig, Simson, is nou 'n slagoffer.

65 En so is die kerk! Is opgerig om denominasionalisme en die wêreld in die denominasie, te beskaam, en julle het reg in die denominasie ingekom. En deur dit te doen, kan julle nie die Skrifte volg nie, elkeen van hulle het 'n ander idee, so julle het julle krag verloor. Daardie verblindende duiwel!

66 Het die verleiding van 'n vrou hom van die—die Woord van God af laat neem. Nou sê julle: "Broer Branham, dit was nie." Dit was die Woord van God. Delila het Simson van die Woord van belofte afgeneem.

67 En so het die Isébel van hierdie dag die kerk geneem, dit verlei van die Woord van die belofte af, God se Heilige Bybel. O, dieselfde ding, presies dieselfde ding! Wat het hulle gedoen? Laat Isébel, gepraat van in Openbaring die 17, Openbaring, 17de hoofstuk, die Katolieke Kerk word daar voorgestel. En hulle sê jou ook dis hulle. Hulle doen nie. . . Hulle eie boek sê so. Hulle ontken dit nie. Hoeveel het ooit hulle eie geskrif gelees? Julle weet dat dit waar is. [Gemeente sê: "Dis reg."—Red.] Hulle sê die Katolieke kerk word voorgestel. Dis reg. En onthou: "Sy was die moeder van hoere. Sy was 'n hoer, en die moeder van hoere." Sien, dit moes kerke wees; nie seuns nie, dit was dogters, Protestantse kerke, "'n moeder van hoere." Sodra hulle georganiseer het, het hulle dieselfde ding gedoen wat hulle daar gedoen het, hulle het hulleself gestroop van die Woord, en moet die voorskrifte volg van een of ander organisasie.

68 Ek weet dit is nie gewild nie, maar dis die Waarheid. Ek het geen groot radioprogramme en televisieprogramme, ondersteuning nie. God help my om nooit te hê nie. Ek wil net een ding hê, en dis die ondersteuning van Jesus Christus, deur Sy Woord. Laat Hy bevestig dat ek die Waarheid vertel, deur Sy Woord; nie een of ander vals, skyngelowige, beginsellose ding nie; maar die egte Heilige Gees Self, Wat die belofte van hierdie dag neem en wys dat dit die Waarheid is. Dis al wat ek graag wil sien. Soos Jesus gesê het: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, glo My dan nie."

69 Nou blind! O, sê julle: "Ons is nie blind nie." Julle is blind! Die Bybel het gesê julle was. Elke Skrifleser weet dat hierdie die Laodicése Kerkeeu is. Hoeveel glo dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dan, het die Bybel gesê: "Die Laodicése kerk was blind, naak, en het dit nie geweet nie." Daar is die slegte deel, sy weet dit nie eens nie. Sy is erger as al die ander kerkeeue saam.

70 "Die os ken sy meester se krip, of stal, en die muil ken sy krip, en," het Hy gesê: "My mense weet nie."

71 Blind, geestelik blind! Blind waarvoor? God se Woord. Net so blind soos hulle kan wees, en hulle wil Dit nie sien nie. En sê jy hulle, sal hulle sê: "O, ja, ek—ek is van voorneme om dit te doen," maar nie een van hulle doen dit nie. Hulle kan dit nie doen en hulle lidmaatskap in 'n organisasie behou nie; hulle sal hulle direk daaruit skop.

72 Daar staan sy, Delila het sy lokke afgeskeer. Nou is hy—is hy met kortgeknipte hare; soos die vroue daarin, selfde ding. Nou kyk na hulle, verslane, net soos hulle was.

73 Predikers, die pinksterboodskappers van die vroeë dae, jy sou daardie manne nooit laat glo het dat hulle eie kinders kweekskole sou organiseer, wat hulle gekritiseer het, deur die Woord van God, en uit uitgekom het nie. Dis reg. Wat het ons, deur hierdie kweekskole, gekry? Hulle het die wêreld in die kerk ingebring. 'n Ou prediker het altyd gesing:

> Ons het die sperboom laat sak, toegegee met sonde.
> Ons het die sperboom laat sak, en die skape kom uit, maar hoe kom die bokke toe in?

74 Julle het die sperbome laat sak, weggeraak van die Woord af. Toe Eva die sperboom laat sak het, vir intellektuele redenasies van Satan, het dood ingetree; en die sperbome waarmee God haar ingeperk gehad het, was Sy Woord van belofte. En ons het iets anders in die plek gestel, 'n geloofsbelydenis, in plaas van die Woord. Amen. Julle weet dis die Waarheid.

75 Wat het ons, die Pinkstermense, vandag? Te veel Rickies. Daardie woord, Elvis en Ricky, jy het nooit daarvan gehoor in ander dae nie. Dis 'n woord, dis die naam van hierdie dag. Dit gaan hiermee saam. Dit beteken iets.

76 Julle sê: "'n Naam beteken niks nie." Waarom dan het Hy Abram se naam verander, na Abraham? Waarom het Hy Saul se naam verander na Paulus; Simon se naam na Petrus? Waarom het Hy Sy Eie Naam verander?

77 Waarom het Hy Jakob verander na Israel? Nie totdat hy met die Here geworstel het nie, nie totdat hy oorwin het nie. En toe Jesus dood, hel en die graf oorwin het, het die Bybel gesê: "Hy het 'n nuwe Naam gehad." En toe Jakob oorwin het.

78 En as die Kerk kan oorwin, sal sy ophou sê: "Ek is Metodis, Baptis, en Presbiteriaan." Wanneer sy haar geloofsbelydenisse kan oorwin en die wêreld wat haar daarin ingetrek het, sal sy terugkeer na die Bruid van Jesus Christus, Mev. Jesus Christus. Amen.

Watter treurige gesig, waar ons Simson daar sien staan!

79 Vroue met kort hare, dra kortbroek, geverfde gesigte; en Pinkster, noem hulleself Christene, sing in die koor.

80 Ek was in die "Pentecostal Assembly" nie lank gelede nie, in 'n groot stad waar 'n beroemde, groot man woon. En die dienste het so groot geraak, ek moes dit na 'n groot plek toe neem, en hulle het die uitgesoekte Pinksterkoor gehad. En min het hulle geweet ek sit daar reg agter die gordyne, aan die bid. En daar het elke meisie in daardie ry van omtrent vyf-en-dertig meisies, en vyf-en-dertig seuns, om *Die Messias* te sing, het grimering gedra en kortgeknipte hare. En toe David du Plessis 'n sendelingkollekte opgeneem het, het hulle opgetree asof hulle blinde Bartimeus was, rondgehardloop om die beker aan te gee. Dis Pinkster kleinkinders. Dis nie 'n Pinkster dienskneg van God met die doop van die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees sal nie 'n grap maak van Sy Eie Woord nie. Hy kan nie, en die Heilige Gees bly nie. Maar dis waartoe julle gekom het. O, Simson, het 'n bietjie begin dink.

81 Onthou, hierdie bande word opgeneem en oor die wêreld gestuur. Ek praat nie net met hierdie groep hier nie.

82 Simson het begin dink aan sy foute. O! En hy het begin dink aan wat hy eenmaal was.

83 Pinkster, dink wat julle was negentienhonderd jaar gelede. Kerk, Katoliek, Protestant, dink wat julle was negentienhonderd jaar gelede, en kyk wat julle vandag is. Dink 'n rukkie na.

Het net omtrent nog agt minute, om my woord te hou.

84 Let op, maar terwyl hy daar gestaan het, het hy gehuil, hy begin aan sy foute dink, en toe begin hy dink aan wat met hom gebeur het. Hy was blind, gevolglik kon hy nie meer sien nie. Hy, hy het iets anders aanvaar. Vir die liefde van hierdie vrou, dis wat hom gekry het, en toe draai sy teen hom.

85 O, watter strik sou ek hier oor kon praat, wat Satan vir die kerk gestel het. Kry net jou oë blind vir die Waarheid, en, dis wat, dan het hulle jou. En as julle dit maar geweet het! Een van hierdie dae gaan God dit vir julle bewys, wat die merk van die dier is. Uh-huh. Let op, maar toe eers verblind, daar staan sy.

86 En daar het hy gestaan. En hy begin onthou die dinge van sy foute, waar hy die reguit, nou pad verlaat het, waar hy weggeraak het van God se belofte af. En hy het uitgeroep: "Here, wreek my oë!" Waarom het hy dit gedoen? Hy het geweet daar is 'n moontlikheid.

Dis nou waar ek wil hê julle moet luister.

87 Simson moes gedink het aan alles waar hy die pad verlaat het. Hy het dit toe gesien, dis nou te laat. Hy het dit gesien, waar hy die pad verlaat het, en hy het gedink: "Daar moet 'n moontlikheid wees dat God sal antwoord." Hy het geweet as hy hom kon bekeer en God kry om te sien hy het berou oor sy fout, was daar 'n moontlikheid dat God steeds Sy doel kon bereik.

88 God sal dit doen. Hy gaan dit doen. Selfde nou, God gaan daardie Kerk hê! Bekommer jou nie, Sy gaan daar wees. Die Heilige Gees gaan so beweeg in die Kerk totdat die Kerk en Christus dieselfde Gees sal wees. Luther het daar gestaan op die voete, in regverdigmaking; Wesley het gestaan in die hartklop van liefde, van heiligmaking; maar dit word nou opgelig na die kop toe; sien, meer as dit. Sy het gedenomineer, en die werkers het aangekom en die wingerdstok gesnoei; hulle het gesterf hulle het nooit meer teruggekom nie. Hulle sal nooit meer terugkom nie. Maar steeds is daar 'n saad van Lewe daar wat aankom.

89 Maar, let op, Simson het gedink daar moet 'n—'n moontlikheid wees. Hy het die idee gesnap.

90 Maar die jammerlike deel vandag, is, die kerk snap dit nie. Hulle besef nie dat daar 'n moontlikheid van 'n herlewing is nie. Hulle besef nie die moontlikheid, nie. Hulle het nog nie die visioen aangegryp nie. Hulle sit net.

91 "O," sê hulle: "nou, Broer Branham, wat doen jy?"

92 O, ek weet julle klap julle hande en het yslike groot dienste, en glinster met wêreldse tinsel. Julle moet na die grootste plekke toe gaan. Julle moet die meeste hê, beste vermaak wees. Julle moet *dit*, *dat*, of die *ander* doen. Julle pastoor moet 'n kweekskoolgeleerde wees met 'n doktorsgraad. Of, julle kan nie julle bure daar vertel dat julle pastoor 'n ventjie uit die mielieland daar is, wat gered is nie. Hy is: "Ons pastoor is Doktor LL.D. *So-en-so*." Vir my, beteken dit hy's net so ver weg van God af. Dis al, net so ver weg, want intellekte neem hom altyd weg. O, julle skyn met geleerdheid.

93 En nog 'n ding, van 'n klomp van hierdie moderne evangelisasie vandag, al die pad van Pinkster al die pad terug, is 'n klomp Hollywood-vertoonkuns. Ja, julle glinster beslis daarmee, soos die tinsels in die saal van die vis-god Dagon. Maar daardie tinsel en geleerdheid, en intellektuele vertoonkuns met 'n groot helderte, laat die hele publiek enige neerlaat ensovoorts sien, al daardie goed soos dit, intellektuele konsepsies van die Evangelie, ensovoorts, wat nie die Krag van God bring om vroue te laat ophou om kortgeknipte hare te dra nie, en mans te laat optree soos hulle behoort te nie, hulle plek in die huis in te neem en hulle kinders groot te maak soos hulle behoort te nie. Dit bring nie die Gees van God nie.

Simson het daar gestaan, net so 'n groot gestalte as wat hy ooit was.

94 En die kerk staan sterker in lidmate as wat dit veertig jaar gelede het, maar waar is die Gees van God? O, goeiste! Waar is die Gees van God daarbinne? Ek sien die gees van Hollywood. Ek sien die gees van die wêreld. Ek sien die gees van glans. Gaan regdeur, ek preek al vyftien jaar daarteen, en dit word net heeltyd erger. Ek kan dit sien, en ek kan die gees daar sien. Maar waar is

die Gees van God wat God kan aangryp, wat die Woord Self kan herken wanneer Dit gemanifesteer word, Waarheid kan herken? Slegs die Gees van God kan dit doen. Dis reg. Jy kan glinstering, polering, vertoonkuns vat.

95 Simson het 'n ewe groot liggaam gehad as wat hy ooit gehad het, maar sy krag was van hom weggeneem.

96 Die kerk, Pinkster vandag, staan. Ek meen, drie jaar gelede, het die *Sunday Visitor* van die Katolieke kerk gesê dat hulle "'n miljoen bekerings na Katolisisme in een jaar gehad het, maar die Pinksterkerk het een miljoen vyfhonderdduisend gehad, meer as dit." Wel, wat het jy wanneer jy dit gekry het? Ek sou liewer vyf wou gehad het wat hulle lewe aan Christus kon oorgee. Hy kan meer doen met vyf manne, of een man, oorgegee, as wat Hy kon met veertig miljoen daarbuite. Wat beteken lidmate? Beteken net 'n ander ding, dat jy verblind is, en meer krag toevoeg aan die hoer. Reg.

Let op, die kerk is nie vandag bereid om die prys te betaal nie.

97 Simson het die regte soort gebed gebid: "Here, laat my saam met hierdie vyand sterf." O, goeiste!

98 Daar het julle dit. Julle wil nie sterf vir julle trots nie. Julle wil nie sterf vir die dinge van die wêreld nie.

99 Nou, onthou, ek praat met letterlik duisende rondom die wêreld, wanneer ek dit sê. Sien? Ek praat nie net hier in Chicago nie. Ek praat met die wêreld.

100 Julle wil nie sterf nie, maar die enigste manier wat daar 'n moontlikheid van 'n herlewing is. Julle verblinde Simson, kan jy nie sien dat die Delila jou oë verblind het nie? En die enigste manier waarop jy ooit in staat sal wees om die krag terug te bring in die kerk, is om te sterf vir die vyand wat julle in hierdie wêreldsheid gekry het.

Simson het gesê: "Laat my saam met die vyand sterf."

101 Daar is 'n groot prys om te betaal. Julle moet sterf vir die ding wat julle in hierdie ding gebring het. Julle moet sterf vir die ding wat julle gebring het, julle Pinkstermense, na waar julle vanmiddag is. Julle sal moet sterf vir dit.

102 Simson was bereid om die prys te betaal om die krag van God weer terug te kry in sy lewe.

103 Ek wonder of die kerk, vanmiddag, bereid is om die prys te betaal en te sterf saam met die vyand, die ding, al julle gewildheid, en al julle *dit*, *dat*, en die *ander*, net om weer die krag van God op julle terug te sien, en 'n gevangene van Jesus Christus te word?

104 O, ek hoor sommige van julle sê: "O, ja, ons, ons het herlewings." Maar dis denominasie herlewings. Die Eenheid wil

al die Drieheid vat en hulle almal Eenheid maak. Die Drieheid wil al die Eenheid neem en—en hulle almal Drieheid maak. Die Kerk van God wil die kerk van God van Profesie vat. Een wil die ander vat, maak groot denom- . . . Besef julle nie julle behaag net mense nie?

105 Ons is broers. Daar is geen denominasie wat die liefde van God kan skei nie. Ons is broers. "Hieraan sal alle mense weet dat julle My dissipels is, wanneer julle mekaar liefhet."

Sê: "Vir wat skree jy dan teen hulle?"

106 Liefde is teregwysend. As liefde nie korrigeer nie, dan is dit nie liefde nie. Sien jy jou kind daar op die straat, en gee hom nie 'n bietjie posterieure protoplasma-stimulasie nie, is jy—jy nie 'n goeie pa nie. Maar 'n ware moeder of vader sal hom omdraai en hom pak gee, hom laat weet hy moet uit die straat uitkom, of doodgaan. Dis opregte liefde. Maar om te sê: "Junior, lief, ek weet nie. Jy, miskien behoort jy nie daarbuite te wees die tyd van die dag nie, die eindtyd, wanneer die karre erg vinnig ry nie." O, onsin, jou verwyfde prediker, nie die moed om God se Woord te neem en wit wit te noem en swart swart, reg reg, en verkeerd verkeerd nie. Maar hulle doen dit.

107 Ja, ons het herlewings nogal, maar kyk na julle sedes na hierdie herlewings. Verander hulle nie die minste nie; raak verder van God af, en na die wêreld toe, die heeltyd. Let op.

108 Simson het geweet wat gaan gebeur as sy gebed beantwoord word.

109 Maar ons het nog nie die koste bereken nie. Wat gaan gebeur as God jou gebed verhoor om 'n ware, opregte kind van God te word? Jy weet jy's weg uit jou denominasie, net daar. En daardie vroue met wie jy brug speel, en alles? O, nee! Jy's weg, en dis al. Liewer dit maar eers bereken.

110 Maar Simson het gesê: "Laat my sterf." Hy was bereid om die prys te betaal. En hy het geweet . . .

111 Luister nou mooi na hierdie opmerking. Hy het geweet sy huidige teruggevalle toestand kon nooit die uitdaging van daardie uur staan nie. Tog, hy was net soveel man as wat hy ooit was, in sy spiere. Sy gestalte was so groot as wat dit ooit was. Hy was net so 'n groot spier as wat ooit te eniger tyd kon opstaan op sy arm, dit was waarskynlik groter, omdat hy gemaal het daar in die . . . swaarder werk gedoen het.

112 Ons het beter kerke, beter geboue en alles, maar waar is ons krag, geestelik gesproke? O, ons sou 'n stem kon neem in die nasie. Sekerlik, ons sou hierdie dinge kon doen, maar dit—dit is nie waarvan ek praat nie. Ek praat van die Teenwoordigheid van God wat onder ons herken word. Dis waarvoor ons behoort te lewe.

113 Hy het geweet sy teruggevalle toestand kon nie die uitdaging van daardie uur staan nie.

114 En so weet die kerk dit nou. Ons kan dit nie in hierdie toestand doen nie. Jy kan dit nie doen nie. Denominasies bevestig nie die Woord nie, dit ontken die Woord. Die einste denominasie self ontken die Woord sodra dit gedenomineer word. Net die ding self, jy raak net aan die ander kant daarvan, van die begin af. Dit ontken die Woord. Die heeltyd.

115 Ek het net 'n minuut of twee, langer. Maar let op, waar ek nou gou maak en my woord hou.

116 Die heeltyd terwyl hulle almal daar gestaan het, en hierdie gedagtes deur hulle gemoed gegaan het; en ek hoop dit stuur 'n paar deur julle s'n. Hulle het nooit opgelet nie terwyl, Simson, sy gedagtes deur sy gemoed gegaan het nie. Miskien het hulle die bottel aangegee, weer 'n drankie gemaak. Hulle mooi Hollywood-vroue het daar gestaan met hulle sigaret in hulle mond, as daar so 'n ding was in daardie dag; ek dink nie hulle het heeltemal so laag gedaal in daardie dag nie. Maar het hulle hare teruggestoot en nog 'n drankie geneem, en geroep: "Hello, Josef, of Jan, of julle daarbo êrens! Ons het gisteraand kaart gespeel, was uit by 'n groot partytjie." [Leë kol op band—Red.]

117 "Daar is 'n moontlikheid dat God my sal verhoor. Daar is 'n moontlikheid." En terwyl hy gedink het, die Filistyne het hom nie opgelet nie, terwyl hierdie seuntjie sy hande losgemaak het; teruggeloop het. Hy het gesê: "Lê my hande op die pilaar." "Daar is 'n moontlikheid." O, goeiste!

118 Ek wens die kerk kon dit sien. Daar is 'n moontlikheid van 'n ware herlewing.

119 Wat het hy gedoen? Hy het sy oogkaste (hy het geen oë gehad nie) na God opgehef. Hulle het nooit die beweging van sy lippe opgelet waar hy opreg bely het nie.

120 Ons benodig nie net 'n bietjie: "Here, vergewe my en Jim, Joe en ons almal. Amen," nie. Ons het 'n ernstige skoonmaak nodig, van die preekstoel tot die opsigter.

121 Hulle het nooit die trane opgelet, wat loop uit daardie kaste waar hy eens oë gehad het nie. Hulle het nooit die beweging van sy lippe opgemerk nie. Sy oë, sout trane stroom van sy oogkaste af. Hy wou hê God moet Sy Woord nog een keer bevestig, om te bewys, soos ek sê vir hierdie Delila vandag, of hierdie Simson, liewer: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd!"

122 "Nog een keer," het hy gedink: "sal dit gebeur. Nie 'n nuwe denominasie nie, nie 'n nuwe sektariese nie, maar 'n bevestigde Woord van U, God! Ek weet U is steeds God. Ek is blind. Ek het die spoor byster geraak. Ek is nie waardig om te lewe nie. Laat my saam met hierdie vyand sterf. U het my opgerig om dit te vernietig, en ek het U gefaal, Here, maar daar is 'n

moontlikheid dat U my sal verhoor. Nog een keer, Here, nog een keer!" Doodernstig het hy gebid. Hy het geweet wat sou kom. "Here, nog net die een keer! Laat my nog een keer Jesus Christus sien soos Hy gister was!" Toe hy daardie gebed gebid het, en die trane van sy wange afgerol het met diepe opregtheid van belydenis!

123 Dis wat die kerk nodig het. Bely jy's verkeerd. Maak nie saak wat Doktor Jones sê of wat enigiemand anders sê nie. As jy uit die Woord van God uit is, bely dit, dat jy verkeerd is. Roep uit: "Nog een keer, Here, nog een keer! Nog een keer, Here, nog een keer! Wreek my blindheid op hierdie denominasies! En gee my krag, Here, om hierdie denominasionele wêreld te skud, met U bevestiging. Gee my krag, Here. Bewys dit nog een keer!"

124 Hy het geweet wat sou gebeur as sy gebed verhoor sou word. Hy het geweet, doodernstig, geroep: "Nog een keer, Here!" En terwyl hy gebid het, en sy opregte belydenis gemaak het, het elke vesel in sy liggaam begin vibreer.

125 O God, as die Liggaam van Jesus Christus maar kon staan as een, en elke vesel en elke lidmaat weer begin vibreer met die letterlike doop van die Heilige Gees; nie met nuwe lidmate, en skud van hande, en een of ander geloofsbelydenis nie.

126 Soos die krag in daardie groot spiere inbeweeg, begin elke vesel span. Hy begin weer homself voel, en hy span hom in. En, toe hy het, het die groot muur begin val.

127 Al wat ons vandag hoef te doen, is, om hierdie denominasionele mure te sien val, is om diep opreg voor God te raak, om hierdie verblinde oë te genees wat verblind is vir die Woord van God.

128 Dit was Simson se grootste oorwinning wat hy ooit gehad het, omdat hy bereid was om te bely, oor elke vyand wat hy eerstens opgerig was om te vernietig.

129 O, Pinkster, staan vanmiddag op julle pos, julle pos van plig teenoor God se Woord. Bekeer julle, en roep hard uit: "Here God, nog een keer!" Laat ek julle iets vertel. Julle moet liewer julle vyand vernietig voor julle vyand julle vernietig. Dis reg. Bring die outydse bidure terug, die ware goddelike berou, die heelnag altaardiens. O, Pinkster, luister na my! Los, o, los hierdie korrupsie wat Isébel onder julle bewerk het. Verlaat dit, verlaat dit gou, en keer terug na die Woord van die Here, weg van hierdie Hollywood vertoonkuns af. Keer met julle hele hart, terug na die Woord van God. Keer terug na die Krag van die Heilige Gees. Julle vroue trek aan soos vroue, julle mans tree op soos mans, soos seuns en dogters van God. Draai, o, draai weg van hierdie Isébel-sisteem wat julle verwurg en julle verblind. God help ons om 'n ware bekering te hê; nie halfhartig nie, jy kan dit nie doen nie.

130 Hoe dink ek vandag, op hierdie einste oomblik, waar my tyd op is, behoort ons op ons voete te staan, en uit te roep, met ons

hande in die lug: "Here, nog een keer! Nog een keer, O Here, nog een keer!"

131 Laat ons staan, almal wat bereid is om dit te doen, om 'n herlewing te sien, wat gereed is om af te sterf van hierdie Hollywood vertoonkuns; almal wat gereed is om te sterf, om te sien "die Krag van God kom na Sion, en met vreugde, al Sy heilige berge sal niks beseer of beskadig nie."

132 Laat ons ons hande opsteek en uitroep: "Nog een keer, Here!" Nog een keer, Here! Nog een keer, Here! Nog een keer, Here, stuur die Heilige Gees, met 'n magtige Rukwind soos U op die Pinksterdag gedoen het. Amen. [Gemeente gaan voort in gebed en lof aan God—Red.]

Nog Een Keer AFR63-0804A
(Once More)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagmiddag, 4 Augustus 1963, by die Marigold Center in Chicago, Illinois, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org